# BLOU BULLE RUGBY-UNIE
# BLUE BULLS RUGBY UNION

## BLOU BULLE RUGBY UNIE
## AFRIGTERS AKKREDITASIE, REGULASIE BELEID

**OM 'N AFRIGTER BY DIE BLOU BULLE RUGBY UNIE TE WEES MOET DIE AFRIGTER AAN DIE VOLGENDE VEREISTES VOLDOEN:**

*Rugby afrigter sluit die volgende in:*

1. *Bulletjie Afrigter,*
2. *Laerskool Afrigter,*
3. *Hoërskool Afrigter,*
4. *Carlton Klub Afrigter,*
5. *Reserwe Klub Afrigter,*
6. *Eerste Liga Afrigter,*
7. *Jeug Klub Afrigter,*
8. *Gemeenskap Afrigter,*
9. *"Get Into Rugby" Afrigter,*
10. *"Vuka Rugby" Afrigter,*
11. *Vroue Rugby Afrigter,*
12. *Sewes Afrigter,*
13. *Versterkende en Kondisionerings Afrigters;*
14. *Dowe Rugby Afrigter;*
15. *Rolstoel Rugby Afrigter;*
16. *Enige ander afrigting wat deel is van die Blou Bulle Rugby Unie se afrigting strukture.*

1. **Alle rugby afrigters moet**:

    a. *Boksmart geakkrediteerd wees,*
    b. *Jaarliks geregistreer en geaffilieerd wees by die Blou Bulle Rugby Unie se Afrigtersvereniging,*
    c. *Die Afrigters Gedragskode onderteken het,*
    d. *18 jaar of ouer wees,*
    e. *'n Minimum kwalifikasie World Rugby Vlak 1 sertifikaat hê (nie vir Bulletjie Rugby),*
    f. *Afrigters wat kinders (6 – 18 jaar) en vroue afrig moet die volgende klarings sertifikate hê:*
        i. *'Safeguarding awareness' sertifikaat,*
        ii. *'n Polisieklaringsertifikaat vir kriminele oortredings,*
        iii. *Kinderbeskerming klaringsertifikaat,*

Loftus Versfeld Kirknessstraat/Street Sunnyside Pretoria 0002
Telefoon/Telephone Kantoor/Office: (012) 420-0707/8 Pretoria
Faks/Fax: 086 649 1297 / (012) 344-2966
Posbus/P.O. Box 27856, Sunnyside 0132
BTW NO / VAT NO: 417 012 4871

**PRESIDENT: W STRAUSS**
**GM: BBRU: MR. J. DAMES**

iv. *Seksuele oortredings klaringsertifikaat*
*(ii en iii volgens die "National Child Protection & Sex Offenders Register – Section 126 of South Africa Children's Act 38 of 2005")*

g. *Bulletjie afrigters moet World Rugby Coaching Children sertifikaat hê om te kan afrig,*
h. *World Rugby Vlak 2 afrigting geakkrediteer wees as hy/sy by 'n skool/klub se o/16, o18 /o19 /o20 /o21 en senior span/ne afrig soos voorgeskryf deur Boksmart se "Ouderdom Beperking Regulasie",*
i. Om enige provinsiale span/ne af te rig by die BBRU moet 'n afrigter 'n minimum World Rugby Vlak 2 afrigting geakkrediteerd wees en Boksmart akkreditasie hê
j. *'World Rugby Introduction to coaching' aanlyn sertifikaat*
k. *'World Rugby Rugby ready' aanlyn sertifikaat,*
l. *'World Rugby Coaching Children' aanlyn sertifikaat, as u kinders afrig,*
m. *'World Rugby Concussion management for general public' aanlyn sertifikaat,*
n. *'World Rugby Laws of the game' aanlyn sertifikaat,*
o. *'World Rugby Key factors' aanlyn sertifikaat,*
p. *'BokSmart tackle height' aanlyn sertifikaat.*

2. Alle Klub bestuurders, Klub Voorsitters, Skool Hoofde, Skool Rugby Organiseerders / Direkteur Sport/Rugby moet toesien dat alle afrigters wat by die klub of skool afrig aan die Reëls en Regulasies moet gehoor gee. Indien 'n afrigter of skool of klub nie gehoor gee aan die Reëls en Regulasies kan die afrigter/s nie afrig by enige rugbyspan in die Blou Bulle Streek nie. Sulke klubs/skole wat nie aan die vereistes voldoen nie kan hulle ligapunte verbeur of uit die liga geskors word. Verder kan daar teen 'n klub of skool ook geregtelik opgetree word as die afrigter/s enige kriminele oortreding begaan.

3. Opleiding proses van Afrigter/Afrigting:

   a. Enige persoon wat wil afrig in Suid-Afrika, moet Boksmart gesertifiseerd wees. Indien nie, sal hulle nie toegelaat word om enige plek af te rig totdat sertifisering afgehandel is.
   b. Die volgende stap is om die World Rugby Vlak 1 afrigting kursus te voltooi. Hierdie kursus dra net 'n bywoning sertifikaat, maar is verpligtend om te voltooi voordat 'n World Rugby Vlak 2 afrigting kursus gedoen kan word.
   c. Die finale fase van die afrigters opleiding in die BBRU, is om die World Rugby Vlak 2 afrigting kursus te voltooi. Hierdie kursus loop oor 2 dae en is daar om een vlak hoër af te rig. Na afloop van die teoretiese gedeelte, moet jy teruggaan na jou skool / klub en 'n logboek voltooi met 'n 3 week praktiese beplanning sessie met 3 wedstryde. Wanneer jy dit voltooi het, kontak jy die BBRU om 'n afspraak vir jou praktiese assessering te maak. Hierdie assessering moet binne dieselfde jaar geskied, as wat jy die teoretiese kursus

bygewoon het. 'n Assessor sal jou besoek om jou praktiese afrigting te assesseer. Wanneer jy die assessering geslaag het, word die verslag deur die BBRU by World Rugby opgelaai. Die sertifikaat sal na ongeveer een week op jou profiel by World Rugby Passport beskikbaar wees.

4. VERWYSINGS:
   a. SA Rugby: *Afrigting Akkreditasie regulering en om beleide*, September 2012.
   b. Boksmart: *Nasionale Rugby Veiligheid Program*, 2011 en 2013.
   c. SASCOC: *Suid-Afrikaanse Afrigting Raamwerk*, 2010


Loftus Versfeld Kirknessstraat/Street Sunnyside Pretoria 0002
Telefoon/Telephone Kantoor/Office: (012) 420-0707/8 Pretoria
Faks/Fax: 086 649 1297 / (012) 344-2966
Posbus/P.O. Box 27856, Sunnyside 0132
BTW NO / VAT NO: 417 012 4871

**PRESIDENT: W STRAUSS**
**GM: BBRU: MR. J. DAMES**